# 'N WESTERSE INTERPRETASIE VAN DIE *GENIUS LOCI* VAN MGUNGUNDLOVU

HESTER LEWIS
Privaatsak 831
Melmoth 3835

**Die noue skakeling wat argitektuur met die mens se leefwêreld het,lei tot 'n bepaalde ervaring van 'n gebou of gebouekompleks. 'n Bepaalde *genius loci*, wat uit die sintese van die natuurlike en beboude omgewing ontstaan,kan dus uit so 'n gebou of gebouekompleks afgelei word. Aan die hand van verskeie formele elemente, wat bewustelik of onbewustelik deur die mens in 'n omgewing ingevoer word, word die 'gees van die plek' ondersoek. 'n Zulu militêre woonkompleks van die vroeë 19de eeu, naamlik Mgungundlovu, die hoof militêre setel van die destydse Zulu-koning Dingane, waar belangrike historiese gebeure in beide die lewens van die Zulu en Afrikaner plaasgevind het, word aan die hand van sekere geïdentifiseerde elemente ondersoek. In die historiese literatuur het die sendelinge, handelaars en Voortrekkers (o.a. Piet Retief) waardevolle inligting in verband met die uitleg en aktiwiteite van die inwoners nagelaat. Onlangse argeologiese opgrawings het grootliks bygedra tot die opheldering van hierdie bronne en ook met nuwe feite vorendag gekom.**

**Mgungundlovu was the military capital of Dingane, king of the Zulu between 1829 and 1838. Comtemporary visitors (traders, missionaries and Voortrekkers) to the complex left much information about the layout of the complex and activities of the inhabitants. Archaeological research however contributed largely to the illucidation of these historical sources and revealed some new facts. Architecture, which has a close link with the total living and natural environment, leads to a specific experience of a building or building complex. The *genius loci* of Mgungundlvou is being interpreted according to certain Western identified formal elements.**

"... the work of man's hand is every time a reflection of man's mind; and if, through the primitive hut, we can obtain some insight into the inner workings of the primitive mind, our study will not have been in vain" (A.T. Bryant 1935).

## INLEIDING

Argitektuur hou nou verband met alle aspekte van die mens se lewe, en vanweë die plastiese kwaliteite daarvan is dit die mees direkte wyse om vorm en ruimte te skep. Argitektuur is dus as kunsvorm gekoppel aan 'n besondere tegniek om bewustelike of onbewustelike uitdrukking te gee aan die inhoud en vorm van 'n gemeenskap se ekonomiese, politiese, religieuse en sosiale waardes, om welke rede veranderinge in sosiale omstandighede noodwendig in die argitektuur weerspieël sal word (Fransen 1982: 18, 19). Materiële voorwerpe is die draers van kultuur en daarom sal argitektuur en huishoudelike ruimte die kosmologie van 'n gemeenskap weerspieël (Collett 1987: 108).

Die *genius loci* of gees van 'n plek word deur faktore bepaal wat bydra tot sosiale, historiese en funksionele beeldvorming van 'n omgewing. Lynch (1975) onderskei verskeie formele elemente aan die hand waarvan die mens se ervaring van 'n bepaalde omgewing gemeet kan word. Die identifisering van wyke, grense, bakens, knooppunte en paaie dra by tot die leesbaarheid van die argitektoniese omgewing (Lynch 1975: 110). Binne hierdie raamwerk word die *genius loci* van 'n Zulu militêre kompleks (*ikhanda*) bespreek. Dit moet egter beklemtoon word dat die Zulu binne hul kosmologie, vestigingspatroon, argitektuur en uitleg van lewensruimte geen bewustelike gewaarwording van hierdie onderlinge verbandhoudende elemente dra soos dit deur Lynch onderskei word nie. Alhoewel hulle ook o.a. wyke en eenhede onderskei, verskil die betekenis daarvan soos deur Lynch gebruik. Die Zulu tref onderskeid tussen verskillende politieke eenhede waarvan die kleinste eenheid dié van die woonstede (*umuzi*) is. Verskeie *imizi* word by 'n distrik (*isiGodi*) ingedeel wat onderworpe is aan die gesag van 'n groter eenheid, naamlik die *isiFunda*. Hierdie onderskeie eenhede is almal egter onderworpe aan die koning se gesag (Krige 1988: 217, 218). Terminologie moet dus binne die konteks van die voorgestelde raamwerk vir die bespreking van die *genius loci* beskou word.


Die tradisionele Zulu-hut en -woonstede is 'n besondere voorbeeld van die fisiese uitbeelding van kosmologiese idees. Die simboliek wat binne 'n woonstede aangetref word, is oordraagbaar op die *ikhanda* (militêre kompleks) waaraan die bespreking gewy word.

## AGTERGROND EN VESTIGINGSUITLEG VAN MGUNGUNDLOVU

Mgungundlovu was Dingane, koning van die Zulu, se hoof militêre setel vir die periode 1829 tot 1838. Dit is geleë in die Makhosini vallei sowat 29km vanaf die hedendaagse Ulundi, KwaZulu se hoofstad. Die kompleks is teen 'n simmetries gevormde heuwel geleë en is noordwaarts gerig. Die koppie aan die suidekant staan as Singonyama (Leeukoppie) bekend. Twee strome vloei weerskante van die helling verby, onderskeidelik die Nzo-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




Figuur 1: Ander belangrike bakens wat in die teks genoem word verskyn nie op die kaart nie. KwaMatiwane lê noordoos digby die Mkhumbanerivier, terwyl die plato, bekend as Hlomo Amabutho, aan die oostelike sy van die kompleks geleë is. Opgrawings is tot dusver hoofsaaklik op die *isigodlo*, die Bheje en die kopersmidsterrein gekonsentreer. Ekstensiewe opgrawings word beplan om die presiese ligging van die palisade in die *izinhlangoti* te bepaal, die ligging en grootte van die hoofingang asook die hutverspreiding van die krygerhutte, waarna gedeeltelike rekonstruksie beoog word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

lolo en Mkhumbane. Oos van die kompleks, op die aanliggende helling is Hlomo Amabutho geleë wat die impi[1] se paradegrond was. Noordoos van die kompleks is 'n ander belangrike baken, naamlik KwaMatiwane waar oortreders – asook die Voortrekkerleier Piet Retief en sy manskappe – om die lewe gebring is. Sowat 75m vanaf die hoofingang tot die kompleks is die graf van Nkosinkulu Zulu, die stamvader van die Zulu, geleë.

Die kompleks het ongeveer 1 500 tot 1 700 hutte gehad wat onderskeidelik bewoon is deur agt regimente, hul bevelvoerders, die koning en sy vroulike *entourage* – wat sowat 500 getel het – 'n mensetal van tussen 5 000 en 7 000.

In analogie met 'n gewone woonstede is die beeskraal sentraalliggend binne die hutsirkel, met die *isigodlo* (koninklike area) aan die teenoorgestelde kant van die *isango* (hoofingang), wat die enigste ingang vir vreemdelinge en onderhoriges was (Krige 1988: 43). Die sentrale arena, wat ook as beeskraal gedien het, was 'n belangrike vergaderplek van die *impi*, en byeenkomste is hier deur die koning gereël. In die beeskraal is kleiner areas afgeskort waar die beeste en kalwers saamgehok kon word. Aan die bopunt en buite die kompleks, naby die *isigodlo*, was drie satelliet *imizi*[2], waar meisies onder andere geïnisieer is, terwyl 'n ander vermoedelik die kopersmede se werksterrein was. Die ander *umuzi* se ligging en doel is tot dusver onbekend.

## OMGEWING EN TOPOGRAFIE

Gibberd (1953: 12, 14) stel as vereiste vir 'n goeie stadsontwerp 'n bevredigende verhouding tussen die omgewing en die konstruksies wat opgerig word, aangesien die beboude gebied daardeur gedefinieer word. In die Zulu-kultuur van die 19de eeu het topografie en ekologie egter 'n groter rol in beeldvorming gespeel as in 'n kontemporêre westerse stadsomgewing of 'n hedendaagse metropool, aangesien klimaat, waterbeskikbaarheid en plant- en dierelewe van primêre funksionele belang was vir oorlewing. As sulks het dit 'n belangrike rol in vestigings- en bestaanspatrone gespeel.

Die Zulu beskou 'n gelyk en hoogliggende terrein as geskik vir die bou van 'n woonstede of 'n *ikhanda,* vanweë die uitsig en veiligheid van so 'n lokaliteit, die koeler lug en goeie dreinering (Bryant 1949: 76). 'n Noordelike aansig word verkies waardeur die sterk winterwinde vanuit die weste en noordweste afgeweer word (Knuffel 1973: 15). 'n Kompleks word op so 'n wyse uitgelê dat die hoofingang aan die onderkant van die heuwel geleë is (Krige 1988: 42), terwyl die hoofman – in hierdie geval die koning Dingane – se woonarea aan die bokant geleë is vanwaar hy 'n uitsig oor die res van die kompleks asook die omgewing kon hê. Die nabyheid van groot riviere is ongewens weens die moontlikheid van vloede en malaria (Knuffel 1973: 15).

Die noue band tussen omgewing en konstruksie is ook opsigtelik in die gebruik van natuurlike materiale en die bouvorm van die Zulu-hut en -woonkompleks wat sprekend is van die Zulu se identifikasie met die aarde en hul omgewing (Frescura 1981: 2). Materiaal word op grond van beskikbaarheid en bepaalde eienskappe geselekteer en gebruik, wat 'n funksionele argitektuur tot gevolg het. Die grasryke savanne-gebied waar die Zulu hulself bevind, is ideaal vir die eksploitering van 'n wye verskeidenheid grassoorte wat elk vir 'n bepaalde doel aangewend word (Frescura 1981: 9, 11, 43). Alle strukture word dus van natuurlike materiale, inheems aan die omgewing, gebou (Frescura 1981: 9; Krige 1988: 45), nl. latte vir die konstruksie van die hutraamwerk (Krige 1988: 45), verskillende grassoorte om dit mee te dek en waterdig te maak en houtpale en riet vir die omheinings. Die aerodinamiese kwaliteite van die korfvormige hut maak dit bestand teen windstorms vanuit enige rigting (Bryant 1949: 79, 82; Knuffel 1973: 55). Alhoewel 'n hut geen vensters het nie en slegs 'n enkele deuropening van omtrent 60cm breed en 75cm hoog (Berglund 1989: 102, 110), vind doeltreffende ventilasie deur die poreuse dak plaas, terwyl die grasbedekking terselfdertyd as isolasie teen uiterste temperature dien (Bryant 1949: 80, 82; Knuffel 1973: 55; Krige 1988: 45). Buiten die praktiese oorweging dat 'n groter deuropening die hutstruktuur sou verswak, dien die klein opening ook as beskerming teen indringers vanweë 'n persoon se weerloosheid wanneer die hut gebukkend of op hande en knieë binnegegaan word omdat die persoon redelik blootgestel is aan die genade van die inwoners (Frescura 1981: 41)!


Die koepelvormige hut wat van natuurlike materiale gebou is, die rondinge en eenvoudige geometriese ontwerp van die woonstede en *ikhanda* skakel dus goed in by die natuurlike omgewing.

## DIE ROL VAN FORMELE ELEMENTE IN DIE LEESBAARHEID VAN 'N OMGEWING

Lynch (1975: 3, 8) stel leesbaarheid van argitektoniese omgewing as 'n belangrike visuele kwaliteit in die herkenbaarheid van die onderskeie dele wat in 'n samehangende ruimtelike patroon georganiseer kan word. Hierdeur word 'n visuele patroon van herkenbare funksionele simbole gevorm naamlik wyke, bakens, grense, knooppunte en paaie (Lynch



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




Figuur 2: 'n Dokumentasietekening van Dingane se hutvloer. Argeologiese reste het bewys gelewer van die historiese beskrywings van hierdie hut. Geen *umsamo* kom in die hut voor nie.

1975: 110) wat praktiese of emosionele betekenisse vir die aanskouer het. Die wisselwerking van hierdie elemente lei tot 'n verhoogde betekenis binne konteks maar kan ook kontras bewerkstellig. Ten einde 'n duidelike beeld van die omgewing te vorm moet die wisselwerking van alle dele bestudeer word (Gibberd 1953: 12; Lynch 1975: 84, 108, 109).


### Wyke

Lynch (1975: 47, 66, 68, 84) definieer distrikte of wyke as medium-tot-groot dele van 'n stad, wat veral intern (soms ekstern) tweedimensionele betekenis het, herkenbaar is as gevolg van 'n bepaalde karakter, en verband hou met paaie, knooppunte en bakens wat bydra tot die interne struktuur en karakter van die wyk. Verskeie komponente dra by tot die vorming van 'n bepaalde karakter, soos byvoorbeeld tekstuur, ruimte, vorm, detail, simboliek, geboutipe, funksie, aktiwiteit, onderhoudsgraad en topografie waardeur 'n tematiese eenheid gevorm word op grond van argitektoniese eenvormigheid wat gevolglik van ander wyke onderskei kan word. Hoe meer van die bogenoemde eienskappe met mekaar ooreenstem, hoe sterker is die afbakening van 'n eenheid. Wanneer dit met 'n spesifieke funksie en status gekombineer word, versterk dit die onderskeid daarvan met ander wyke of eenhede (Lynch 1975: 103, 104).

Die *ikhanda* is, soos 'n moderne stad, in duidelik onderskeibare dele (of wyke) verdeel, wat op hul beurt onderverdeel is (Lynch 1975: 104; Roodt 1992b) (Figuur 1). Die krygerareas of *izinhlangoti* wat die twee



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




Figuur 3: 'n Voorstelling van die konstruksie van 'n hut asook die verskillende benoemde lokaliteite waarin die manlike en vroulike verdelings onderskei kan word.

'arms' van die kompleks vorm is onderverdeel om agt regimente volgens rangorde te huisves. Hierdie area is van die ander wyke, naamlik die *isigodlo* (koninklike area) en *isicamelo* (die hoofmanne se woonarea) onderskeibaar as gevolg van die kleiner hutte, ongeveer 3,5 tot 4 meter in deursnee, met slegs een stutpaal, teenoor 'n gemiddelde grootte van 5 meter in die ander areas, wat skynbaar individueel ontwerp is (Parkington 1979: 141, 142). Onderhoud op die krygerhutte sou waarskynlik van 'n laer standaard gewees het as in die *isigodlo*, aangesien dit nie te alle tye bewoon is nie en vandalisme gereeld plaasgevind het. Hutte is byvoorbeeld vir ablusiedoeleindes gebruik tydens die bewoners se afwesigheid, terwyl dit gebruiklik was om elders buite die kompleks te gaan (Bryant 1949: 76; Webb & Wright 1976: 344). Geen vroue is in die krygerarea toegelaat nie, en aangesien die maak en onderhoud van vloere tradisioneel vrouewerk is, sou die krygers nie dieselfde standaard kon handhaaf nie, aangesien hulle nooit binne hul kultuurverband die fyner kunsies sou aangeleer het nie! Bryant (1949: 76, 81) noem dat die hutte van welgesteldes in 'n woonstede onderskei kon word van gewone gesinshutte aangesien dit van 'n beter tipe vloer voorsien is. Gardiner (1966: 200) beskryf op sy beurt Dingane se hutvloer by Mgungundlovu as gelyk en blink gepoleer. Dit kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat 'n duidelike onderskeid in fisieke voorkoms tussen die hutte van die koninklike area en dié van die krygers getref sou kon word.

Die koninklike woonkwartiere was in twee wyke onderverdeel, onderskeidelik bekend as die *isigodlo esimnyama* (*esimnyama* beteken swart en is in Zulu-kosmologie sinomiem met gevaar) wat Dingane se vroulike verwante en hoë status houvroue gehuisves het, en die *isigodlo esimhlope* (*esimhlope* beteken wit) wat deur die *umndlunkulu* meisies van laer sosiale aansien bewoon is (Roodt 1992a: 11; Roodt 1992b). Ek redeneer dat, aangesien die *isigodlo* in geheel 'n hoër status area as dié van die krygers was, die hutte meer dekoratief versier sou gewees het, terwyl 'n onderlinge onderskeid tussen die *isigodlo esimnyama* en die *isigodlo esimhlope* getref sou kon word.

Die koning se private hut was binne die *isigodlo esimnyama* geleë en duidelik onderskeibaar van die res weens sy uitsonderlike grootte van 10 meter in deursnee – en gevolglike hoogte – terwyl dit verder gekenmerk is deur 22 kraalversierde stutpale asook 'n sespuntige vuurherd (Roodt 1992b: 95). Die getal stutpale in alle ander *isigodlo*-hutte wissel van 1 tot 9 en het tradisioneel ronde vuurherde. 'n Paar hutte binne die *isigodlo* word egter deur klawervormige vuurherde gekenmerk (Parkington 1979: 141), en mag 'n aanduiding van hoë sosiale status wees, aangesien hulle slegs in die *isigodlo esimnyama* aangetref word en hul ontwerp weg beweeg van die tradisioneel rondgevormdes terwyl dit nader ooreenkoms met dié van die koning toon. 'n Hut wat van nege stutpale voorsien was se sosiale funksie is nog onbekend. Dit is egter redelik seker dat 'n groter *indlunkulu*-hut teenwoordig sou wees[3] aangesien sekere sosiale en religieuse funksies van die koninklike amp daaraan verbonde was.

Die *umsamo*, wat die belangrikste area binne 'n hut is en tradisioneel met vroulike aktiwiteite verband hou, ontbreek in die koning se hut (Figuur 2). Dit word in die agterste gedeelte van 'n hut aangetref, waar dit deur die halfmaanvormige *umbundu* ('n opgehewe rif) en die *ufindo*, die latwerk van die hutmuur, as 'n ovaalvormige ruimte gedefinieer word (Figuur 3). Geen persoon buiten die vrou van die huis of die hoof van die woonstede word



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

toegelaat om hierdie gedeelte te betree nie, omdat dit met die voorouers geassosieer word vanweë die koelte en donkerte daarvan. Waardevolle artikels en voedsel word hier geberg, omdat geglo word dat die voorouers dit sal beskerm (Berglund 1989: 102; Bryant 1949: 82; Collett 1987: 108; Frescura 1981: 41; Krige 1988: 46). Waarskynlik ontbreek die *umsamo* in die koning se hut vanweë die primêre skakeling van die *indlunkulu*-hut met dié van die koning. In die *umsamo* van die *indlunkulu*-hut word die rituele spies (Berglund 1989: 102) en *inkatha* wat die eenheid en lojaliteit van die stam verseker, bewaar (Els 1990: 128).

Die *isicamelo* (woonarea van die koning se twee belangrikste raadgewers) was weerskante van die *isigodlo* geleë en dus aan die bopunte van die krygerareas. Aangesien hulle die enigste lede van die *impi* was wat deur hul vroue vergesel kon word sou daar vermoedelik 'n ooreenkoms in die ruimtelike plasing van hul hutte gewees het met dié van 'n gewone *umuzi*.

Ander wyke word onder andere onderskei as die Bheje, die kopersmidsterrein, en die groot beeskraal of *isibaya esikhulu* wat elders bespreek word. Ekstern van die kompleks word ander aktiwiteitsareas duidelik onderskei, naamlik Hlomo Amabutho, 'n plato Oos van die kompleks wat die *impi* se paradegrond was, terwyl KwaMatiwane, 'n koppie Noordoos van die kompleks gekenmerk is deur die teregstelling van oortreders (Lugg 1949: 111).

**Grense**

Lynch definieer 'n grens as 'n definitiewe of eksakte skeiding tussen twee fases waar 'n breuk in kontinuïteit voorkom. 'n Grens kan egter ook as 'n soom dien waar twee verwante wyke met mekaar verbind word, terwyl paaie ook dikwels grense vorm (Lynch 1975: 47, 62, 65, 69).

Die afsonderlike wyke is sterk afgebaken deur middel van houtpalisades (Bryant 1949: 75: Krige 1988: 43) soos die buitenste palisade wat die kompleks van die eksterne omgewing afskerm en die binneste palisade wat die leefarea van die beeskraal skei. Die palisades vorm ook definitiewe en eksakte grense wat sekere wyke totaal van mekaar afsluit, soos onder andere die *isigodlo* van die *izinhlangoti* asook die *isigodlo* van die aanliggende beeskraal. Dit was 'n sosiale taboe vir 'n vrou om 'n beeskraal te betree aangesien dit beskou word as inmenging, nie slegs met die hoofman of koning nie, maar ook met die manlike lede (insluitend die voorouers) van die linie (Berglund 1989: 10). 'n Analogie vir die palisade word in die mure van 'n hut gevind, wat op soortgelyke wyse as grens dien ter beskerming van die inwoners daarvan (Collett 1987: 109).

'n Voorbeeld waar versperrings as 'n soom twee verwante wyke met mekaar verbind, word in die *isigodlo* aangetref. Alhoewel heinings die twee dele van mekaar geskei het, was die onderskeie dele toeganklik vir die inwoners van die *isigodlo* (Figuur 4). Op kleiner skaal verdeel die sentrale aslyn wat binne 'n hut – deur die vuurherd (*iziko*), die ingang en die *umsamo* – gevorm word dit in afsonderlike manlike en vroulike helftes (Collett 1987: 109; Frescura 1981: 41; Krige 1988: 46).

Hierdie aslyn is die fokus van rituele aktiwiteite soos by die "versterking van 'n kind" direk na geboorte (Collett 1987: 109). Voorouergeeste word met die *umsamo*, die vuurherd asook die ingang geassosieer (Berglund 1989: 104, 105). Hierdie verdeling word ook in die uitleg van 'n kompleks weerspieël, waar onderskeidelik die *indlunkulu*-hut die plek van die *umsamo* inneem, die beeskraal dié van die vuurherd, en die hoofingang tot die kompleks die hutingang op makroskaal simboliseer (Berglund 1989: 112; Collett 1987: 109).

Paaie dien ook dikwels as grense (Lynch 1975: 65). Terwyl die kopersmidsaktiwiteite digby die *isigodlo* en Bheje plaasgevind het, en aangeneem kan word dat die vroue dikwels daarop moes beweeg, was dit 'n taboe vir vroue om hierdie manlike, hoë status aktiwiteit te aanskou. Alhoewel hulle dus in die nabye omgewing verkeer het, sou die vroue 'n "grens" handhaaf deur nie van die voetpad af te wyk of eens in die rigting van die aktiwiteite te kyk nie.

**Bakens**

Bakens word onderskei op grond van hul uitstaande, duidelik gedefinieerde kenmerke en opvallende plasing in ruimtelike konteks met betrekking tot die res van die omgewing waarmee hulle in kontras staan (Lynch 1975: 48, 78, 80, 101). Dit sluit natuurverskynsels soos onder andere bome en berge in, maar mag ook 'n gebou of selfs 'n kleiner objek wees. 'n Baken se betekenis word versterk wanneer dit by 'n kruis- of knooppunt geleë is. 'n Voorbeeld van so 'n baken (wat tegelykertyd ook 'n rituele knooppunt is) is die graf van Nkosinkulu Zulu, die stamvader van die Zulu. Volgens tradisie sou Nkosinkulu in sy eie *umuzi* begrawe gewees het, aan die kant van die beeskraal (Collett 1987: 108). Die ligging van die graf, skaars 75m vanaf die hoofingang tot die kompleks, wat deur vreemdelinge en onderdane gebruik is, was nie slegs van historiese belang nie, maar sou ook



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n rituele fokuspunt gewees het. Dingane het Mgungundlovu se ligging, buiten praktiese redes, waarskynlik doelbewus in die omgewing van die graf beplan aangesien die terrein histories die opkoms van die Zulu simboliseer. In voortsetting van hierdie tradisie het Dingane dit moontlik belangrik geag om sy hoofsetel naby hierdie belangrike baken op te rig.


Sommige bakens word aan sekere aktiwiteite gekoppel, soos byvoorbeeld KwaMatiwane, waar oortreders op bevel van die koning om die lewe gebring is en Hlomo Amabutho, die krygers se paradegrond (Lugg 1949: 112). Weens die topografiese ligging is hierdie verwysingspunte vanaf 'n verskeidenheid lokaliteite sigbaar (Lynch 1975: 80, 81).

Op kleiner skaal, binne die kompleks, is die kalwerkraal 'n belangrike rituele baken omrede daar offerhandes aan die voorouergeeste deur die koning gebring is; die *isigodlo* is die afbakening van die vroue se leefarea waar geen manspersoon sonder magtiging van die koning toegelaat is nie; in die Bheje is meisies geïnisieer; die *izinhlangoti* was die krygers se woonarea waarbinne elke regiment volgens rangorde in verhouding tot die *isicamelo*, wat tussen die *izinhlangoti* en *isigodlo* geleë was, geplaas is.

Die beeskraal is sentraalliggend deurdat dit deur die hutsirkel omring word (Bryant 1949: 76; Collett 1987: 108) (Figuur 1). Buiten die funksionele gebruik daarvan om die beeste saam te hok, het dit ook as vergaderplek gedien. Dit het egter ook 'n belangrike rituele betekenis gehad omdat geglo is dat die voorouergeeste daar in bepaalde plekke aanwesig is, naamlik die ingang, die middel – waar die graanputte gewoonlik aangetref is – en die agterste gedeelte waar die kalwers saamgehok is (Krige 1988: 42, 46) en die rituele slag van beeste plaasgevind het. Geen vroue of vreemdelinge buite linieverband is toegelaat om hierdie gebied te betree nie. Hier vind ons 'n analogie met die drie ritueelbelangrike lokaliteite binne 'n hut, naamlik die ingang, die vuurherd met die graanputte en die *umsamo* met die kalwerhok (Berglund 1989: 12; Collett 1987: 109, 110, 111; Krige 1988: 42).

### Knooppunte

Lynch (1975: 47, 48, 72) beskryf knooppunte as strategies betreebare plekke wat inten-




Figuur 4: 'n Dokumentasietekening van twee hutvloere soos dit in blokverband opgegrawe is. Die vloer in opgrawingseenheid B6b9 is erg verbrokkel, maar die vuurherd is steeds duidelik te onderskei. Dit verskil duidelik in grootte met die vuurherd van die naasliggende vloer in opgrawingseenheid B6b10. Die *umbundu*-rif, wat saam met die *ufindo* die *umsamo* afbaken, is duidelik waarneembaar in laasgenoemde vloer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

siewe foki ten opsigte van rigting is, soos byvoorbeeld verbindingsweë, kruispunte of die sameloop van paaie, en die oorgang van een struktuur na 'n ander. Dit mag ook fisiese konsentrasies van objekte wees wat die beliggaming van 'n wyk is waarvandaan 'n sekere invloed uitkring. Die betekenis van 'n knooppunt word versterk wanneer dit sterk afgebaken word deur definitiewe grense en van een of twee fokuspunte voorsien is (Lynch 1975: 102). 'n Voorbeeld hiervan is Dingane se hut wat nie slegs heelwat groter as alle ander hutte was nie, maar ook prominent weens die plasing daarvan op die helling, wat die beste uitsig oor die terrein verseker het. Dit was in die *isigodlo esimnyama* geleë – die hoër status gedeelte van die koninklike woonkwartiere – en het alleen in 'n redelike spasieryke driehoekige kompartement met drie tot vier ingange gestaan wat reg langs die beeskraal (of kalwerkraal) geleë was waar die koning dikwels vertoef het om sy daaglikse rituele pligte uit te voer (Roodt 1992b: 95) (Figuur 5).

Die nabye ligging van 'n baken kan 'n kern se betekenis versterk. So 'n knooppunt vorm die konseptuele kern en dominante kenmerk van 'n wyk en sal omring wees van 'n omgewing wat in tematiese verhouding daartoe staan wat geleidelik verminder ten opsigte van afstand vanaf die kern. Nabyheid aan 'n kern word gekenmerk deur 'n geleidelike toename in tekens, aktiwiteite, simboliese detail en tekstuur, waaraan die kern as 'n uitstaande plek herken word (Lynch 1975: 48, 70, 75, 76, 84, 97, 102, 103, 110). Dingane se hut is naby die kalwerkraal geplaas, 'n belangrike rituele fokuspunt, omdat dit sterk verbind is aan die koning se rituele funksie (Roodt 1992b: 95). Die koning se hut word as sosiale en rituele kern tematies uitgebrei in die aanliggende *isigodlo, esimnyama*, die belangrikste area van die hele *isigodlo*, terwyl die hutte van die *isigodlo esimhlope* dit aan weerskante begrens. Nog steeds deel van die koninklike area, verswak die tema reeds wat aanvanklik vanuit die kern, die koning se hut, ontspring het. Die grense wat hierdie "wyke" beskryf, is egter nie sterk en ondeurdringbaar soos dié wat die *isigodlo* van onder andere die *isicamelo* skei nie. Hierdie deel, wat ook 'n sterk verband met die koning het, is naasliggend aan die koninklike area en dus ook 'n hoë status woonarea, maar ontoeganklik vir die *isigodlo*-inwoners – buiten die koning self – en omgekeerd. Hierna volg die *izinhlangoti*, wat die "arms" van die kompleks vorm en wel beperkte toegang tot die *isicamelo* gehad het. Die regimente sou ongetwyfeld van hoër na laer status in ruimte vanaf die koning se hut gerangskik gewees het.

'n Sterk fisiese vorm is nie 'n noodsaaklike vereiste vir 'n knooppunt nie, terwyl dit wel belangrik is dat die ruimte daarom heen goed gedefinieer moet wees (Lynch 1975: 76). In fisiese vorm toon Dingane se hut ooreenkoms met die ander hutte betreffende materiaal en boutegniek. Dit verskil egter in grootte, afwerking, versiering van die 22 stutpale en die ruimte waarin die hut alleenstaande is.

**Paaie**

Paaie is die roetes waarop mense tussen twee punte beweeg en is dus rigtinggewend omrede mense daarna verwys met betrekking tot die oorsprong of bestemming daarvan – wat die simboliese struktuur versterk -en mag om verskeie redes belangrik wees. 'n Prominente beeld van 'n pad word gevorm deur gereelde gebruik daarvan of bepaalde aktiwiteite wat daarmee geassosieër word (Lynch 1975: 47, 50, 54). 'n Voorbeeld van so 'n aktiwiteit staan in verband met die *isivavane* of kliphope wat op die hoofpaaie aangetref word. So 'n kliphoop is sowat 2km suidoos van Mgungundlovu aangetref (Roodt, persoonlike mededeling). Verbygangers was veronderstel om 'n klip op te tel, daarop te spoeg en dit op die klipstapel terug te gooi. Hierdie handeling was veronderstel om die individu te help om skuiling of voedsel vir die nag te kry, en selfs 'n gelukkige besoek aan die hoofman of koning te verseker (Bryant 1949: 732). Sodra 'n reisiger dus so 'n stapel klippe teëkom sou die persoon weet dat 'n *umuzi* of *ikhanda* naby is.

Voorwerpe, bakens en knooppunte wat met 'n sekere pad geassosieer word, skep 'n bepaalde beeld en verleen skaal daaraan waardeur gebruikers afstand kan skat, terwyl nabyheid aan 'n woon- of militêre kompleks dit in belangrikheid laat toeneem (Lynch 1975: 51, 55, 84).

**BENAMING VAN STREKE**

'n Bekende omgewing verleen sekuriteit, stabiliteit en kontinuïteit. Naamgewing is 'n wyse van nie-fisiese oriëntasie binne 'n gegewe omgewing en is dikwels 'n weerspieëling van die funksionele, sosiale, historiese, ekonomiese, religieuse of individuele betekenis wat aan formele elemente soos paaie, bakens, wyke, knooppunte of topografie geheg word. Areas van religieuse en simboliese betekenis se onderskeie dele word duidelik gedifferensieer, terwyl dit omskryf word in 'n wye verskeidenheid van benaminge wat dien as kommunikasiemiddel van 'n groep se geskiedenis en ideale. Hierdeur word groepsolidariteit in die hand gewerk en vrees vir die eksterne omgewing gestil (Lynch 1975: 7, 8, 108, 123, 124, 127). Die pre-literêre mens identifiseer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sterk met die natuurlike omgewing waarbinne hulle werk, leef, skep en speel. Hulle onderskei en benoem dus selfs die kleinste dele daarvan. Die Zulu-kultuur is 'n sprekende voorbeeld hiervan (Bryant 1949: 75).


Die naam Mgungundlovu beteken die "geheime vergaderplek van die olifant" in welke geval na die koning (Dingane) verwys word (Lugg 1949: 111). Verskeie redes word vir hierdie naamkeuse aangevoer, naamlik dat die koning met 'n olifant vergelyk word weens sy krag, terwyl 'n ander na die kompleks se uitleg verwys, wat skynbaar bepaal is deur die neerlê van twee olifanttande op die grond, wat die *izinhlangoti* sou vorm.

KwaMatiwane is die heuwel noordoos van Mgungundlovu waar oortreders om die lewe gebring is en dit beteken "plek van Matiwane" in verwysing na 'n historiese gebeurtenis waar, op bevel van Dingane, die leier van die AmaNgwane-stam tesame met al sy volgelinge om die lewe gebring is. Hlomo Amabutho is die naam van 'n rif oos van die kompleks en beteken, rofweg vertaal, "plek waar die krygers bewapen word". Volgens oorlewering was dit die paradegrond wat binne sig van Dingane se hut geleë was.

Die onderskeie betekenisse van die *isigodlo esimnyama* en *isigodlo esimhlope* is reeds genoem. *Esimnyama* het 'n sosiale betekenis aangesien "swart" gevaar beteken (Roodt 1992b: 95) wat die dood van enige manlike persoon voorspel het wat kontak met die vroue van die swart *isigodlo* gehad het.

## GEVOLGTREKKING

Binne hierdie duidelik gestruktureerde omgewing waarin al die elemente tot die geheelbeeld bydra kon elke persoon sy of haar sosiale verpligtinge nakom – met inagname van die verskillende gebiede se betekenis – wat groter sekuriteit in die hand werk en die intensiteit van ervaring verhoog, deurdat dit kennis organiseer en die rou materiaal van simboliek voorsien waardeur kommunikasie binne groepsverband bewerkstellig word. Deur simboliese waardes aan die landskap toe te skryf word vrees vir die onbekende versag (Lynch 1975: 4, 5, 84, 126, 127). Volgens Jellico (1975: 7) dra eenvoudige geo-




Figuur 5: Hutverspreiding in die *isigodlo* met 'n voorstelling van die verskeie heinings. Die hutte binne die *isigodlo esimnyama* is in kompartemente afgeskort, terwyl Dingane se hut alleenstaande binne so 'n afskorting staan en direk langs die kalwerkraal geleë is. Die hutte in die *isigodlo esimnyama* varieer ook meer in grootte as dié in die *isigodlo esimhlope*.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

metriese vorme, soos gesien kan word in die ovaalvormige hutsirkel en die repetisie daarvan in die kleiner koepelvormige hutte, by tot 'n verhoogde sekuriteitsgevoel.

Ek onderskryf Lynch se stelling dat 'n goed georganiseerde omgewing ook oor poëtiese en simboliese kwaliteite moet beskik en vind dit toepaslik op Mgungundlovu. Die kompleks is sprekend van die Zulu se kultuurhistoriese tradisie, hul inagneming en benutting van die natuurlike omgewing asook hul funksie binne die groter sosiale sfeer. Hierdie temas is duidelik te onderskei in die struktuur en simboliek van die argitektuur en uitleg van die kompleks, om Lynch (1975: 119) se stelling hierop van toepassing te maak.

## AANTEKENINGE

1. Die Zulu term *impi* verwys na 'n militêre eenheid of mag (Webb & Wright 1976: xxiv).
2. *Umuzi* (mv. *imizi*) is die Zulu-term vir 'woonstede' (Webb & Wright 1976: xxv).
3. Dit is my eie mening. Tot dusver het geen argeologiese opgrawings strukture ter stawing van hierdie teorie opgelewer nie. Ek moet egter noem dat uitgebreide opgrawings buiten dié van die *isigodlo*, Bheje en kopersmidsterrein so 'n moontlikheid nie mag uitsluit nie.

## BIBLIOGRAFIE


Berglund, A. 1989. *Zulu thought-patterns and symbolism*. London: Hurst.

Bryant, A.T. 1949. *The Zulu people: As they were before the white man came*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.

Collett, D. 1987. A contribution to the study of migrations, in the archaeological record: The Ngoni and Kololo migrations as a case study. Hodder, I. (ed) *Archaeology as long-term history*. New York: Cambridge University Press.

Cory, G.E. 1926. *The Diary of the Rev. Francis Owen, M.A.* Cape Town: The Van Riebeeck Society.

Els, H. 1990. Die rol van Inkatha kaZulu in die Zulu se resente geskiedenis. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie*, 13 (4).

Fransen, H. 1982. *Three centuries of South African art: Fine art, applied arts, architecture*. Johannesburg: A.D. Donker.

Frescura, F. 1981. *Rural shelter in southern Africa*. Johannesburg: Ravan Press.

Gardiner, A.F. 1966. *Narrative of a journey to the Zulu country in South Africa*. Cape Town: Struik.

Gibberd, F. 1953. *Town design*. London: The Architectural Press.

Jellicoe, G. & Jellicoe, S. 1975. *The landscape of man: Shaping the environment from prehistory to the present day*. London: Thames & Hudson.

Knuffel, W.E. 1973. *The construction of the Bantu grass hut*. Graz: Akademische Druck.

Krige, E.J. 1988. *The social system of the Zulus*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.

Lugg, H.C. 1949. *Historic Natal and Zululand*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.

Lynch, K. 1975. *The image of the city*. London: M.I.T Press.

Parkington, J. 1979. The size and layout of Mgungundlvou 1829-1838. *South African Archaeological Society*, Goodwin Series 3.

Roodt, F. 1992a. Evidence for girls' initiations rites in the Bheje umuzi at eMgungundlovu. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie*, 15 (1).

1992b. Koning Dingane se woonhut by Mgungundlovu. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie*, 15 (4).

Webb, C. de B. & Wright, J.B. (reds). 1976. *The James Stuart Archive*, Vol 1. Pietermaritzburg: University of Natal Press and Durban: Killie Campbell Africana Library.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services